Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2018

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* J A C C N A *

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en ’n 13 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die onderstaande instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ’n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy ALLE vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

8. 'n Uiteensetting van die vrae word hieronder voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou.

VRAAG 1: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie	**Bestuur van hulpbronne** • Begrippe, Berekening en vertolking van voorraadinligting • Interne beheer

VRAAG 2: 25 punte; 15 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Versoenings	**Finansiële rekeningkunde** • Krediteureversoening en Debiteure-ouderdomsontledings **Bestuur van hulpbronne** • Interne beheer

VRAAG 3: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Vaste bates en Inkomstestaat	**Finansiële rekeningkunde** • Begrippe en Inkomstestaat **Bestuur van hulpbronne** • Bestuur van vaste bates

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Balansstaat en Ouditeursverslag	**Finansiële rekeningkunde** • Balansstaat en notas **Bestuur van hulpbronne** • Ouditeursverslag – begrippe en kommentaar

VRAAG 5: 55 punte; 35 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat en vertolking	**Finansiële rekeningkunde** • Begrippe en berekening van kontantvloeibedrae • Finansiële aanwysers en vertolking

VRAAG 6: 30 punte; 15 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
BTW en Probleemoplossing	**Finansiële rekeningkunde** • BTW – begrippe en berekeninge **Bestuur van hulpbronne** • Identifiseer probleme en stel oplossings voor

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: VOORRAADWAARDASIE (50 punte; 30 minute)

1.1 Kies ŉ begrip uit die lys wat voorsien word, om elk van die onderstaande stellings te beskryf. Skryf slegs die begrip neer langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

periodieke-voorraadstelsel; deurlopende-voorraadstelsel; eerste-in-eerste-uit; spesifieke-identifikasie; geweegde gemiddelde

1.1.1 Die waarde van eindvoorraad word bereken teen die mees onlangse aankoopprys.

1.1.2 ŉ Jaarlikse voorraad-opname moet gedoen word om die waarde van die voorraad-saldo aan die einde van die jaar te bepaal.

1.1.3 Groot, duur items word teen die oorspronklike faktuurprys van die individuele voorraaditems gewaardeer.

1.1.4 ŉ Vergelyking van die voorraadrekords met die fisiese voorraad-opname dui ŉ voorraadtekort aan. (4 x 1) (4)

1.2 **MGIJIMA HANDELAARS**

Mgijima Handelaars verkoop skooltasse en skryfbehoefte-houers aan leerlinge van die Peddie omgewing. Skooltasse word gewaardeer deur die EIEU-metode en skryfbehoefte-houers word deur die geweegde gemiddelde-metode gewaardeer. Die finansiële jaar eindig op 30 April 2018.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die volgende vir skooltasse op 30 April 2018:
- Die waarde van die eindvoorraad (8)
- Koste van verkope (6)

1.2.2 Bereken die volgende vir skryfbehoefte-houers op 30 April 2018:
- Die aantal eenhede wat vermis word (7)
- Die waarde van die eindvoorraad (9)

1.2.3 Stel TWEE interne kontrolemaatreëls voor wat die onderneming kan toepas om die voorkoms van vermiste voorraad te verminder. (4)

1.2.4 **Verwys na inligting C:**
Die onderneming het besluit om rekenaarsakke vanaf 1 Februarie 2018 te verkoop.

(i) Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die spesifieke-identifikasie metode te gebruik. (7)

(ii) Was die idee om rekenaarsakke in te bring suksesvol, of nie? Verduidelik. Haal syfers aan. (5)

INLIGTING:

A. Voorraadrekords van **Skooltasse** vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2018:

	DATUM	EENHEDE	EENHEIDS-KOSTE	TOTALE BEDRAG	
Voorraad saldo:	1 Mei 2017	118		R15 340	
	30 April 2018	125	?	?	
Aankope:		**360**		**R52 310**	
	Julie 2017	98	R140	R13 720	
	Oktober 2017	142	R145	R20 590	
	Januarie 2018	120	R150	R18 000	
Terugsendings	Januarie 2018	12	R150	?	
Verkope:		341			

B. Voorraadrekords van **skryfbehoefte-houers** vir die finansiële jaar:

	DATUM	EENHEDE	EENHEIDS-KOSTE	TOTALE BEDRAG	
Voorraad saldo	1 Mei 2017	92		R2 760	
	30 April 2018	111	?	?	
Aankope:		**395**		**R14 135**	
	Junie 2017	130	R32	R4 160	
	Augustus 2017	125	R35	R4 375	
	Oktober 2017	140	R40	R5 600	
Terugsendings	48 beskadigde eenhede van Augustus 2017 se aankope, teruggestuur aan die verskaffers met volle terugbetaling van die eenheidskoste.				
Vraggeld op aankope:	Totale vervoerkoste op skryfbehoefte-houers beloop R1 467				
Verkope:	Totale verkope bedrag: R15 550 Skryfbehoefte-houers word teen R50 elk verkoop.				

C. Voorraadrekords van **rekenaarsakke:**

DATUM GEKOOP	EENHEDE GEKOOP	EENHEIDS -PRYS	TOTALE BEDRAG	EENHEDE VERKOOP VAN ELKE BONDEL
Februarie 2018	30	R450	R13 500	16
Maart 2018	20	R540	R10 800	12
April 2018	10	R600	R6 000	2

- Rekenaarsakke word teen ’n vaste prys van R850 elk verkoop.

50

VRAAG 2: VERSOENINGS (25 punte; 15 minute)

2.1 Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

2.1.1 Die opstel van ŉ bankversoeningstaat is nie nodig nie, aangesien die bank die staat elke maand op tyd stuur.

2.1.2 ŉ Debietsaldo op die bankstaat beteken die onderneming het ŉ gunstige banksaldo.

2.1.3 ŉ Vooruitgedateerde tjek ontvang van ŉ debiteur word slegs aangeteken in die betrokke kontantjoernaal, op die datum soos aangedui op die tjek.

2.1.4 Rente op bankoortrekking word as ŉ aparte uitgawe-item in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken. (4 x 1) (4)

2.2 **KREDITEUREVERSOENING:**

Ayanda Handelaars koop goedere op krediet van Thembi Verskaffers. Die rekeningstaat ontvang van Thembi Verskaffers op 31 Mei 2018, dui ŉ uitstaande saldo van **R8 300** aan. Die Krediteuregrootboekrekening van Thembi Verskaffers in die boeke van Ayanda Handelaars dui ŉ bedrag verskuldig van **R11 570**, aan.

GEVRA:

Voltooi die tabel wat voorsien word om die effek van elke fout/weglating aan te dui. Wys of elke bedrag bygetel (+) of afgetrek (-) moet word by elke kolomtotaal. (12)

INLIGTING:

A. **Krediteuregrootboek van Ayanda Handelaars**
Thembi Verskaffers (KG6)

DATUM		BESONDERHEDE	FOL	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei	1	Rekening gelewer/Saldo	a/b			5 500
	5	Faktuurnr. 154	KJ		2 530	8 030
	8	Debietnota Nr. 43	KAJ		320	8 350
	12	Faktuurnr. 780	KJ		5 830	14 180
	16	Tjeknr. 887	KBJ	6 000		8 180
		Korting ontvang	KBJ	450		7 730
	27	Faktuurnr. 991	KJ		3 840	11 570

B **Rekeningstaat ontvang van Thembi Verskaffers**

THEMBI VERSKAFFERS

Aan: *Ayanda Handelaars*
Mdantsane

Nr.: 1267

26 Mei 2018

DATUM		BESONDERHEDE	BEDRAG	SALDO
Mei	1	Saldo		5 500
	5	Faktuurnr. 154	2 530	8 030
	8	Kredietnota Nr. 90	(320)	7 710
	12	Faktuurnr. 168	8 530	16 240
	16	Kwitansienr. 6651	(6 000)	10 240
	22	Kwitansienr. 7119	(2 000)	8 240
	25	Rente op agterstallige rekening	60	8 300
B & F W		Staat sluit transaksies in tot 25 Mei 2018		

FOUTE EN WEGLATINGS OPGEMERK:

(a) 'n Faktuur vir goedere aangekoop deur die bestuurder, R930, het nie op die staat van Thembi Verskaffers vir Mei 2018 verskyn nie. Dit is ook nie in die krediteuregrootboek van Ayanda Handelaars aangeteken nie.

(b) 'n Afslag van R320, toegestaan vir beskadigde goedere, is aangeteken as 'n faktuur in die krediteuregrootboekrekening van Thembi Verskaffers.

(c) 'n Faktuur vir R5 830 is verkeerdelik aangedui as R8 530 op die staat wat van Thembi Verskaffers ontvang is.

(d) Ayanda Handelaars het 'n korting van 7,5% aangeteken toe 'n betaling van R6 000 gemaak is. Thembi Verskaffers het nie die korting toegestaan nie; hulle voer aan dat die betaling laat was.

(e) Die staat dui 'n ontvangste van R2 000 aan op 22 Mei 2018. Hierdie is 'n tjek wat Thembi Verskaffers van een of ander onderneming ontvang het.

(f) 'n Faktuur vir R3 840 op 28 Mei 2018, het nie op die staat verskyn nie. Die staat is ontvang op 26 Mei 2018.

(g) Rente op agterstallige rekening, R60, verskyn slegs op die staat.

2.3 **DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING**

GEVRA:

Identifiseer DRIE verskillende probleme wat deur die Ouderdomsontleding aangetoon word, en haal bewyse uit die vraag aan om jou antwoord te staaf. Stel interne kontrolemaatreëls voor om elk van die probleme reg te stel. (9)

INLIGTING:

Die Debiteure-ouderdomsontleding van Mpots Winkels op 31 Mei 2018:

Kredietbeleid: Debiteure word 30 dae gegee om hul rekeninge te vereffen.

DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 31 MEI 2018:

NAAM	KREDIET-LIMIET	TOTAAL	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	60 DAE +
P. Brown	R5 000	R3 950	R1 120	R2 830		
H. Hendry	R3 200	R3 550		R2 800	R750	
W. Williams	R4 500	R2 600	R1 200	R 900	R500	
B. Dianna	R1 500	R1 500			R900	R600
		R11 600	R2 320	R6 530	R2 150	R600

25

VRAAG 3: VASTE BATES EN INKOMSTESTAAT (70 punte; 45 minute)

3.1 Gee die naam van die staat of verslag vir elk van die beskrywings wat hieronder gegee word. Skryf slegs die naam van die staat of verslag langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

3.1.1 Wys die nettowins of verlies van die maatskappy vir die finansiële jaar.

3.1.2 Wys die kontantgevolge van bedryfs-, finansierings- en beleggings-aktiwiteite van ’n onderneming.

3.1.3 Wys die mening oor die redelike weerspieëling van die syfers in die finansiële state.

3.1.4 Wys die finansiële posisie van die onderneming aangaande sy bates, ekwiteit en laste. (4 x 1) (4)

3.2 **FOUCHE BPK.**

Inligting uit die boeke van Fouche Bpk. vir die jaar geëindig 30 April 2018.

GEVRA:

3.2.1 **Verwys na aansuiwerings (a) en (b):**

- Bereken die totale waardevermindering vir die jaar geëindig 30 April 2018. (12)
- Stel die Bateverkoperekening op om die verkoop van die voertuig aan te teken. (9)

3.2.2 Voltooi die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 April 2018. Wys berekeninge. (45)

INLIGTING:

A. **Inligting uit die voor-aansuiwerings proefbalans op 30 April 2018:**

Voertuie (1 Mei 2017)	620 000
Toerusting	482 000
Opgehoopte waardevermindering – voertuie (1 Mei 2017)	345 000
Opgehoopte waardevermindering – toerusting (1 Mei 2017)	246 000
Handelsvoorraad	765 000
Debiteurekontrole	214 340
Voorsiening vir oninbare skulde	9 800
Verkope	9 786 540
Debiteureafslag	87 540
Koste van verkope	5 699 000
Huur inkomste	88 500
Oninbare skulde verhaal	13 350
Direkteursfooie	539 200
Ouditeursfooie	43 200
Salarisse en lone	575 400
Verpakkingsmateriaal	32 800
Munisipale dienste	303 400
Diverse uitgawes	?
Oninbare skulde	9 660

B. **Aansuiwerings en addisionele inligting:**

(a) 'n Voertuig is vir R50 000 kontant verkoop op 1 Maart 2018. Die besonderhede van die voertuig is soos volg:

	R
Kosprys	175 000
Opgehoopte waardevermindering op 1 Mei 2017	78 750

Die transaksie is nie deur die boekhouer aangeteken nie.

(b) Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:
- Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
- Toerusting teen 10% p.j. op die verminderde-saldo metode

LET WEL: Nuwe toerusting, kosprys, R62 000 is aangekoop op 1 November 2017. Dit is korrek aangeteken.

(c) 'n Fisiese voorraadopname op 30 April 2018 het die volgende voorraad voorhande getoon.
- Handelsvoorraad, R752 400
- Verpakkingsmateriaal, R3 800

(d) ¼ van die ouditeursfooie is nog uitstaande.

(e) Die maatskappy het twee direkteure wat gelyke fooie verdien. 'n Derde direkteur is op 1 November 2017 aangestel op dieselfde fooie-struktuur. Hy het sy fooie vir Mei en Junie 2018 geneem.

(f) 'n Debiteur met 'n uitstaande saldo van R12 400 is insolvent verklaar. 'n Tjek vir 65% van die bedrag is ontvang uit die insolvente boedel en geboekstaaf. Die balans moet nog as oninbaar afgeskryf word.

(g) Suiwer die voorsiening vir oninbare skulde aan tot 4% van debiteure.

(h) Ekstra stoorplek word uitgehuur vanaf 1 Augustus 2017 teen R7 250 per maand. Die huurder het die huurgeld vir 12 maande betaal. Neem in aanmerking dat die bedrag met R500 per maand verhoog is vanaf 1 Mei 2018.

(i) Rente gekapitaliseer beloop R76 300 volgens die leningstaat.

(j) Na al die aansuiwerings is die **bedryfswins op verkope 24%** en die **inkomstebelasting vir die jaar teen 32%** van die nettowins, beloop R742 080.

70

VRAAG 4: BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG (70 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Pheswa Bpk. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

GEVRA:

4.1 Stel die volgende notas vir die Balansstaat op:

4.1.1 Gewone aandelekapitaal (11)

4.1.2 Behoue inkomste (14)

4.1.3 Handels- en ander betaalbares
LET WEL: Aangesien daar nie voldoende spasie onder Bedryfslaste in die Balansstaat is nie, moet alle items in die nota aangeteken word. (9)

4.2 Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 28 Februarie 2018. (25)

INLIGTING:

A. **Uittreksel van saldo's op 28 Februarie 2018, tensy anders aangedui:**

Gewone aandelekapitaal (1 Maart 2017)	R 4 022 000
Behoue inkomste (1 Maart 2017)	413 220
Voorrade (Handelsvoorraad)	442 700
Debiteurekontrole	305 240
Krediteurekontrole	219 400
Bankoortrekking	57 480
Wisselgeld	7 500
Vaste deposito (R60 000 verval op 30 Junie 2018)	230 000
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige inkomstebelasting betalings)	147 770
Opgelope inkomste	12 560
Opgelope uitgawes	16 490
Vooruitontvange inkomste	8 880

B. **Aandelekapitaal en dividende:**

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 200 000 gewone aandele.
- Op 1 Maart 2017 was 60% van die aandele uitgereik.
- Op 30 Junie 2017 het die direkteure 'n verdere 200 000 uitgereik teen R6,80 elk.
- Op 31 Augustus 2017 is 'n interim dividend van 13 sent per aandeel betaal aan alle aandeelhouers op die aandeleregister.
- Op 31 Oktober 2017 is 100 000 gewone aandele teruggekoop teen R7,00 per aandeel. Die aandeelhouers kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- Finale dividend van 27 sent per aandeel is verklaar op 28 Februarie 2018.

Kopiereg voorbehou

C. **Nettowins en inkomstebelasting:**

- Die nettowins voor belasting beloop R535 000.
- Voorlopige inkomstebelasting betalings dek nie die totale inkomstebelasting vir die jaar nie. ʼn Bedrag van R12 730 is nog aan SAID verskuldig.

D. **Lening: Fraser Bank**

Die leningstaat soos ontvang op 28 Februarie 2018 toon die volgende:

Saldo op 1 Maart 2017	1 020 000
Terugbetalings insluitende rente	204 000
Rente gekapitaliseer	130 500

- 20% van die uitstaande saldo sal na verwagting in die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

4.3 **OUDITVERSLAG**

Die vrae wat volg is gebaseer op ʼn uittreksel van die eksterne ouditeure van Pheswa Bpk.:

GEVRA:

4.3.1 Beskryf kortliks die rol van ʼn onafhanklike ouditeur. (2)

4.3.2 Watter tipe oudit het die maatskappy ontvang? Verduidelik. (3)

4.3.3 ʼn Verdere ondersoek na die bemarkingsuitgawes in die Inkomstestaat het gewys dat ʼn bedrag van R210 000 verband hou met ʼn vakansie vir die HUB en sy familie. Dit dek verblyf en vliegkaartjies.

Die boekhouer is opdrag gegee om die bemarkingsuitgawes te debiteer met die R210 000 en die onafhanklike ouditeur is versoek om dit te ignoreer, aangesien dit in die finansiële state aangeteken is.

- Beskryf kortliks waarom die onafhanklike ouditeur nie bereid was om aan die HUB se versoek te voldoen nie. Gee EEN punt. (2)
- Noem TWEE moontlike gevolge vir die ouditeur indien hy sou voldoen aan die versoek. (4)

INLIGTING:

UITTREKSEL VAN DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Ons het die jaarlikse finansiële state van Pheswa Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 geouditeer. Finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om ʼn mening uit te spreek gebaseer op ons oudit.
Internasionale Standaarde van Ouditering vereis die oudit moet uitgevoer word om ʼn redelike versekering te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.
Ouditmening
Die finansiële state is ʼn redelike voorstelling van die finansiële posisie van die maatskappy op 28 Februarie 2018, behalwe die bemarkingsuitgawes in die inkomstestaat. Dit kan nie geverifieer word nie – geen dokumentasie bestaan nie.

Pauw en Gordon
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) **15 Mei 2018**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (55 punte; 35 minute)

5.1 Kies ŉ AARP-beginsel uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Bates word geboekstaaf teen die oorspronklike bedrag daarvoor betaal	A	Wesenlikheidsbeginsel
5.1.2	Uitgawes en inkomste word in die toepaslike finansiële periode aangeteken	B	Historiese koste
5.1.3	Belangrike bedrae moet afsonderlik in die finansiële state aangedui word	C	Lopende saak
5.1.4	Finansiële state word opgestel met die veronderstelling dat die onderneming in die afsienbare toekoms sal bly voortbestaan	D	Paringsbeginsel

(4 x 1) (4)

5.2 **FLORENT BPK**.

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2017.

GEVRA:

5.2.1 Bereken slegs die ontbrekende bedrae aangedui deur **(a)** tot **(e)** in die Kontantvloeistaat op 31 Desember 2017. (19)

5.2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Desember 2017:

- Persentasie bedryfsuitgawes op verkope (3)
- Solvensieverhouding (5)
- Skuld/Ekwiteit-verhouding (3)

5.2.3 Lewer kommentaar oor hoe doeltreffend die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 2017, bedryf is. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou kommentaar te staaf. (6)

5.2.4 Moet die aandeelhouers gelukkig wees met die opbrengs en dividende vir die jaar geëindig 31 Desember 2017? Verduidelik. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou kommentaar te staaf. (9)

5.2.5 Die Hoof-uitvoerendebeampte (HUB) voel dat dit ŉ goeie idee sal wees om die lenings in die volgende jaar te verhoog. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om sy opinie te staaf. (6)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. **Uittreksel vanuit die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:**

Verkope	R 8 764 000
Bedryfsuitgawes	2 015 720
Bedryfsinkomste	3 597 000
Waardevermindering	214 500
Rente-uitgawe	148 500
Inkomstebelasting	916 550

B. **Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 31 Desember:**

	2017	**2016**
Tasbare/Vaste bates	5 953 000	5 692 500
Voorrade	660 000	?
Handels- en ander ontvangbares	?	681 000
Kontant en kontantekwivalente	?	-
Aandeelhouersbelang	6 673 000	5 148 000
Gewone aandelekapitaal	5 478 000	4 620 000
Behoue inkomste	1 195 000	528 000
Verbandlening: Bea Bank (13% p.j.)	600 000	1 039 500
Bedryfslaste	758 000	915 750
Bankoortrekking	-	198 000

C. **Aandelekapitaal:**

2 310 000 gewone aandele op 1 Januarie 2017	R4 620 000
390 000 gewone aandele uitgereik op 1 Januarie 2017	858 000
2 700 000 gewone aandele op 31 Desember 2017	R5 478 000

D. **Dividende:**

- Interim dividende van 33 sent per aandeel is op 30 Junie 2017 betaal.
- Finale dividende is op 31 Desember 2017 verklaar.

E. **Tasbare/Vaste bates:**

- Voertuie teen drawaarde gedurende die jaar verkoop, is korrek geboekstaaf. Die kosprys van die voertuie is R350 000 en opgehoopte waardevermindering was R247 500 op die datum van verkope.
- Grond en geboue is uitgebrei gedurende die finansiële jaar.

Kopiereg voorbehou

F. **Handels- en ander betaalbares sluit die volgende in:**

	2017	2016
Aandeelhouers vir dividende	540 000	485 100
SAID (Inkomstebelasting)	?	33 000

G. **Finansiële aanwysers soos bereken op 31 Desember:**

	2017	2016
Bedryfsuitgawes op verkope	?	18%
Bedryfswins op verkope	11,3%	14%
Nettowins na belasting op verkope	21,3%	26,8%
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,2 : 1
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	35,5%	37%
Verdienste per aandeel	78 sent	85 sent
Dividende per aandeel	53 sent	60 sent
Opbrengs op kapitaal aangewend	47,0%	44,2%
Solvensieverhouding	?	3,4 : 1
Bedryfsverhouding	1,7 : 1	1,3 : 1
Vuurproefverhouding	1,1 : 1	0,6 : 1

H.

KONTANTVLOEISTAAT OP 31 DESEMBER 2017	
Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite	**542 250**
Kontant deur bedrywighede voortgebring	
Rente betaal	**(148 500)**
Dividende betaal	**(a)**
Inkomstebelasting betaal	
Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite	**(631 750)**
Opbrengs met verkoop van bates	**(b)**
Vaste bates aangekoop	**(c)**
Verandering in finansiële bates	
Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite	**385 500**
Opbrengs met aandele uitgereik	**825 000**
Terugbetaling van lening	**(439 500)**
Netto verandering in kontant ekwivalente	**(d)**
Kontant ekwivalente – begin van die jaar	**(198 000)**
Kontant ekwivalente – einde van die jaar	**(e)**

55

VRAAG 6: BTW EN PROBLEEMOPLOSSING (30 punte; 15 minute)

6.1 Kies die korrekte woord(e) van die alternatiewe in hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

6.1.1 Die BTW betaal op goedere gekoop deur ŉ onderneming word (Uitset BTW / Inset BTW) genoem.

6.1.2 Dit is verpligtend vir ŉ onderneming met ŉ jaarlikse omset van (minder as R50 000 / meer as R1 000 000) om vir BTW te registreer.

6.1.3 BTW-opgawes word ingedien na (elke ses maande / elke twee maande) van bedrywighede.

6.1.4 BTW-opgawes word ingevorder deur (SAID / SARB). (4 x 1) (4)

6.2 **PLEASURE PATIOS**

Pleasure Patios, wat deur Phillip besit word, is ŉ geregistreerde BTW-handelaar en maak van die faktuurbasis gebruik.

GEVRA:

6.2.1 Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan/ontvangbaar van die belasting-kantoor op 30 April 2018. Dui aan of dit ontvangbaar of betaalbaar is. BTW-berekeninge moet teen 15% gedoen word. (13)

6.2.2 Phillip wil vir 'e-filing' registreer. Hy is egter bekommerd om finansiële transaksies oor die internet te doen.

- Gee TWEE voordele daarvan om belasting deur 'e-filing' te doen. (2)
- Gee EEN punt van advies aan Phillip. (1)

INLIGTING:

A. Kredietsaldo volgens BTW kontrolerekening op 1 April 2018, R8 300.

B. Die volgende inligting is geneem uit die kontantjoernale vir April 2018:

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL			
VEROPE	BTW	KOSTE VAN VERKOPE	DEBITEUREKONTROLE
R320 200	R48 030	R256 160	R98 300

KONTANTBETALINGSJOERNAAL			
HANDELSVOORRAAD	BTW	LONE	KREDITEUREKONTROLE
R294 500	R ?	R25 600	R163 750

C. Addisionele inligting:

- BTW op kredietaankope, R24 360
- Totale kredietverkope, BTW ingesluit, R163 760
- BTW op kredietnotas uitgereik, R945
- Oninbare skulde gedurende die maand afgeskryf, R2 990
- BTW op onttrekkings van handelsvoorraad, R270

6.3 PROBLEEMOPLOSSING

Inligting van drie fietswinkels in Bisho. Elk van die winkels het 'n vloeroppervlakte van 500 m^2.

GEVRA:

6.3.1 Identifiseer EEN probleem in Winkel 1 en EEN probleem in Winkel 2. Haal syfers aan. Gee EEN punt van advies in ELKE geval. (6)

6.3.2 Verduidelik TWEE goeie besluite wat Veli rakende Winkel 3 geneem het. Haal syfers aan. (4)

Inligting vir Mei 2018:

	WINKEL 1	WINKEL 2	WINKEL 3
Bestuurders	Piet	Beauty	Veli
Verkope	R260 000	R160 000	R760 000
Terugsendings van klante	R6 500	R24 000	R15 200
Winsopslag-persentasie	85%	50%	60%
Tydperk van voorraad voorhande	165 dae	30 dae	30 dae
Advertensies	R10 400	R6 400	R53 200
Huuruitgawe	R23 400	R14 400	R95 000
Dae per week gewerk	6	5	7
Winkelassistente	4	2	6

30

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou